8. Israel in ballingskap na Assirië

2 Konings 15: 8 - 31 en 2 Konings 17: 1 - 41

God is genadig

God se profete verkondig oordeel, maar ook genade, selfs vir die heidene. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God is genadig as die sondaar sy sonde bely.
- Daar is selfs vir heidene genade.
- God straf die sondaar as daar nie berou oor sonde is nie.

Jerobeam II word koning van Israel

Tydens die regering van Amasia en later Ussia oor Juda, was Jerobeam II koning in Israel. Hy regeer 41 jaar lank. Hy word Jerobeam II genoem omdat die eerste koning van Israel ook Jerobeam was.[42] Gedurende sy regering heers daar ongekende voorspoed in Israel, nie omdat hulle opgehou het om afgode te dien nie, maar omdat God Hom oor hulle ontferm het. Jerobeam het nog meer van Israel se grondgebied herower, soos die profeet Jona voorspel het, en baie van die inwoners het as gevolg van die voorspoed geweldig ryk geword.

Die rykes leef in weelde, maar verdruk die armes. Die groot voorspoed wat die volk beleef, laat die volk van die Here vergeet. In hierdie tyd het die profete Amos en Hosea die volk Israel ernstig bestraf en gewaarsku. Dit het nie gehelp nie. Daarom is God se oordeel onafwendbaar.

Die profeet Amos

Jerobeam II se sonde blyk ook uit die profesieë van Amos.[43] Amos was nie eintlik 'n profeet nie, maar 'n veeboer en landbouer uit Juda. God roep hom om as profeet op te tree in die tyd van konings Ussía in Juda en Jerobeam II in Israel.

---

42 1 Kon. 12: 20 Sodra die hele Israel gehoor het dat Jerobeam terug was, het hulle hom na die vergadering laat roep en hom oor die hele Israel koning gemaak; niemand het die huis van Dawid gevolg nie, behalwe die stam van Juda alleen.

43 Amos 3: 14 dat Ek in die dag as Ek die oortredinge van Israel aan hom besoek, ook besoeking sal doen oor die altare van Bet-el, sodat die horings van die altaar afgekap sal word en op die grond val.

Toe Amos in Bet-el profeteer waar die volk 'n goue kalf aanbid het, probeer die priester Amasia hom bang maak, in die hoop dat hy weer na Juda sal vlug. Amos doen dit egter nie, maar bly op sy pos. Hy bly die volk ernstig vermaan, omdat hulle die armes verdruk en nie reg optree teenoor die weduwees en wese nie. Hoewel Israel nog aan die Here offer, walg hulle offers die Here, omdat hulle nie reg doen nie en daarby ook aan die goue kalwers offer. In vyf visioene sien Amos hoe God se oordeel oor Israel kom, hoedat hulle weggevoer word, maar ook hoedat hulle weer na hul land terugkom.

Hosea

Waar Amos teen die sosiale ongeregtigheid profeteer, bestraf Hosea weer die volk se religieuse verval. Op bevel van die Here moet hy met 'n sedelose vrou trou, sodat sy huwelik met haar deur haar owerspel 'n openbare skande kan word. Almal wat dit sien, moet daarin 'n beeld sien van hoe Israel ontrou aan God geword het. Die verhouding tussen God en sy volk word hierin vergelyk met die verhouding tussen man en vrou in die huwelik.[44] Hierdie beeld sien ons ook in die Nuwe Testament waar die gemeente van Christus sy bruid genoem word.[45]

Die name wat Hosea sy drie kinders moet noem, wys wat in die toekoms met Israel gaan gebeur. Die eerste se naam moet Jisreël wees, want die Here sê dat Hy Israel se boog in die dal van Jisreël gaan verbreek. Die tweede kind is 'n dogter en haar naam is Lo-Rugama. Haar naam beteken dat die Here Hom nie meer verder oor die huis van Israel sal ontferm deur hulle sondes te vergewe nie. Die derde kind is weer 'n seun en hy moet hom Lo-Ammi noem. Die naam beteken "Julle is nie my volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie".

Omdat die volk nie na die profete wil luister nie, sal hulle beslis na Assirië weggevoer word. Hosea voorspel egter dat die volk hulle daar tot God sal bekeer en dat God hulle dan genadig sal wees. As dit gebeur, sal daar weer voorspoed in Israel heers. God sal Hom weer oor hulle ontferm en hulle sal opnuut weer sy volk wees.

---

44 Eseg. 16: 8 En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die Here HERE, en jy het myne geword.

45 Op. 21: 9 En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.

Obadja

Presies wanneer Obadja as profeet optree, is nie heeltemal duidelik nie. Omdat hy die ondergang van die Edomiete voorspel, is dit heel waarskynlik gedurende die regering van koning Joram in Juda. Dit kan egter ook ná die val van Jerusalem, in 586 v. C. wees. Tydens hierdie tydperke besorg die Edomiete Juda baie moeilikheid.

Obadja kondig die oordeel van die Here oor Edom aan en bring dit in verband met die koms van Christus.

Joël

Ook oor die tydperk waarin Joël as profeet optree, is nie heeltemal sekerheid nie. Hy profeteer in Jerusalem teen die inwoners van Juda. As gevolg van hulle sonde tref 'n groot sprinkaanplaag en droogte die land. Hy vermaan die volk om hulle te bekeer, sodat daar weer voorspoed in die land kan wees.

Hy beskryf ook die groot dag wanneer God se vyande vernietig, die sonde oorwin en die Heilige Gees uitgestort sal word.

Opdrag aan Jona om na Nineve te gaan

Jona is waarskynlik tydens Jehu se bewind gebore en groei op naby Nasaret. Tydens die regerings van Joahas, Joas en Jerobeam II tree hy as profeet op. God stuur hom na Nineve, die hoofstad van Assur, waar hy die oordeel oor die Assiriërs moet gaan aankondig omdat hulle so sondig leef.

Weens verskeie redes is Jona nie lus om daarheen te gaan nie. Die pad daarheen loop deur die onherbergsame Siriese woestyn wat dit 'n gevaarlike reis maak. Verder is die Assiriërs Israel nie goedgesind nie en hulle kan hom dalk aansien 'n spioen en hom gevange neem. Heel waarskynlik wil hy ook graag hê dat God hulle moet uitroei, want dan sal hulle verder geen bedreiging meer vir Israel inhou nie. In plaas daarvan om dus ooswaarts na Nineve te vertrek, gaan hy na Jafo aan die weskus. Daar klim hy op 'n skip wat na Tarsis sal vaar.

Jona word in die see gegooi

Meteens steek daar 'n sterk wind op en die see begin so stormagtig word dat al die matrose op die skip tot hul eie gode om hulp smeek. Toe dit nie werk

nie, gooi hulle van die vrag wat op die skip is oorboord in 'n poging om te verhoed dat die skip sink. Tydens dit alles lê Jona in die onderste deel van die skip en slaap. Nadat hulle alles wat op die skip was in die see gegooi het, en die skip steeds dreig om te sink, roep die kaptein van die skip vir Jona. Hy wil by hom weet waarom hy nie ook tot sy God bid nie. Intussen het die storm net al hewiger begin woed.

Daarna trek hulle lootjies om te bepaal wie vir die krisis verantwoordelik is en die lot val op Jona. Nou vertel Jona aan hulle sy verhaal. Toe hulle van hom wil weet hoe hulle aan God se toorn kan ontkom, sê Jona aan hulle dat hulle hom in die see moet gooi. Hy erken daarmee dat hy die dood verdien, en dat God se toorn net deur sy dood afgewend sal kan word.

Eers wil hulle Jona nie in die see gooi nie en probeer alles in hulle vermoë om die land te bereik. Die storm raak egter net hewiger en ten einde raad gooi hulle hom maar oorboord. Dadelik bedaar die storm. Maar Jona verdrink nie. 'n Baie groot vis kom en sluk hom lewend in. Drie dae en drie nagte bring hy in die ingewande van die vis deur. Daar bid hy baie ernstig tot God en smeek Hom om genade. Ná drie dae en drie nagte spoeg die vis Jona naby die strand uit sodat hy die land veilig bereik.

Jona laat ons aan Christus dink. Net soos hy drie dae en drie nagte in die buik van die vis was, so was Christus drie dae in die graf.[46]

Jona gaan na Nineve

Die Here gee weer aan Jona die opdrag om na Nineve te gaan. Nineve is 'n ontsaglike groot stad. Drie dae lank preek Jona en waarsku hy die Assiriërs dat God hulle stad oor 40 dae gaan verwoes as hulle hul nie bekeer nie. Groot en klein bekeer hulle en toe hulle koning daarvan hoor, verootmoedig hy hom ook voor God en trek selfs rouklere aan. Hy roep ook 'n tydperk van vas uit waartydens selfs die diere nie water mag drink nie.

Toe God sien dat die Assiriërs hulle bekeer, is Hy hulle genadig en voer nie die oordeel wat Hy aangekondig het, uit nie. Hieroor is Jona baie teleurgesteld. Hy wil eerder sien hoe God die Assiriers gaan vernietig. Om te sien wat met die stad gaan gebeur, bou hy aan die oostekant van die stad 'n skerm en gaan sit daaronder.

---

46 Matt. 12: 40 Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees.

God beskik 'n wonderplant

Gedurende die nag kom daar 'n wonderboom op wat aan Jona beskutting teen die stekende son verleen. Jona is baie dankbaar daarvoor, maar later beskik die Here 'n wurm wat aan die boom vreet sodat dit die volgende dag verdroog. Daar begin ook 'n warm oostewind waai. Vir Jona is dit verskriklik sleg en hy wens dat hy eerder sterf. Hy is nou kwaad omdat die boom wat hom beskerm het, nie meer daar is nie.

Die Here sê aan Jona dat hy jammer voel oor die boom waaraan hy geen aandeel gehad het nie, maar dat hy nie jammer is vir die 120 000 klein kindertjies wat in Nineve woon nie. Hulle sal almal sterf indien die Here die stad verwoes. Sou die Here dan nie ook genadig wees oor die mense nie? Die Here betoon immers genade aan wie Hy wil.[47]

Ons kan die boek Jona die "sendingboek" van die Ou Testament noem. Die boek verkondig dat God Hom nie net oor Israel ontferm nie, maar ook oor ander volke.

Die opvolgers van Jerobeam

Na die dood van Jerobeam II word sy seun Sagaria koning in Israel. Hy doen ook wat verkeerd is in die oë van die Here. Sagaria het slegs ses maande regeer, toe hy deur Sallum vermoor word. Sallum word nou die nuwe koning in Israel. Hy is die eerste van vyf konings wat in Israel regeer voor Israel tot sy einde kom.

Sallum regeer slegs een maand voor hy deur Menahem vermoor word, wat toe in sy plek koning word. Tydens die regering van Menahem trek Pul, die koning van Assirië, op om teen Israel oorlog te voer. Menahem weer die oorlog af deur 1 000 talente silwer aan die Assiriese koning te skenk. Hierdie geld het hy van die ryk Israeliete ingevorder as bykomende belasting. Menahem word opgevolg deur sy seun Pekahia. Ook hy doen wat verkeerd is in die oë van die Here deur dieselfde sonde as Jerobeam te pleeg.[48] Hy word vermoor deur sy adjudant, Peka, wat koning word.

---

47 Eks. 33: 19 Maar Hy antwoord: Ek sal al my majesteit by jou laat verbygaan en voor jou die Naam van die HERE uitroep; maar Ek sal genadig wees vir wie Ek genadig wil wees, en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.

48 1 Kon. 12: 32 En Jerobeam het 'n fees gehou in die agtste maand, op die vyftiende dag van die maand, soos die fees wat in Juda was, en op die altaar geklim. So het hy in Bet-el gedoen en geoffer aan die kalwers wat hy gemaak het, en ook in Bet-el priesters aangestel vir die hoogtes wat hy gemaak het.

Israel en Sirië sluit 'n verbond

Israel word steeds deur die Assiriërs geteister. Aangesien die Siriese leër op daardie stadium ook baie verswak is, as gevolg van langdurige gevegte met die Assiriërs, besluit Israel en die Siriërs om 'n verbond teen Assirië te sluit. Hulle besef egter dat hulle saam steeds nie sterk genoeg is om die Assiriese magte aan te durf nie en daarom probeer hulle Juda dwing om hulle te help. Toe koning Agas van Juda hom teen hulle verset, verslaan die Siriërs Juda en voer hulle 'n groot aantal as krygsgevangenes weg na Damaskus. 'n Groot menigte vroue en kinders word deur Israel as buit weggevoer. Op aandrang van die profeet Oded word hulle egter vrygelaat en keer hulle na Juda terug.

Om wraak te neem vra Agas, die koning van Juda, vir Tiglat-Pileser, die koning van Assirië, om hulp. Die Assiriërs help Juda en dien die Israeliete 'n groot nederlaag toe. Baie Israeliete word in ballingskap weggevoer. Ook die hele land van Naftali kom nou in besit van die Assiriërs. Al die inwoners van Naftali word gevange geneem en weggevoer na Assirië. Hierdie gebeure lui die Assiriese ballingskap in. Kort daarna word Peka vermoor deur Hosea, die seun van Ela.

Hosea - die laaste koning van Israel

Hosea bring Peka om die lewe en word in sy plek koning. Hy is 'n beter koning as sy voorgangers, maar die tyd van genade is vir Israel, die tienstammeryk, verby. Toe Tiglat-Pileser van Assirië stef en opgevolg word deur Salmaneser, probeer Hosea om deur 'n opstand die juk van Assur af te gooi. Salmaneser trek op na Israel en verslaan Hosea se leër. Die Israeliete moet nou weer swaar belasting aan Assirië betaal. Later soek Hosea hulp van So, die koning van Egipte, en kom weer in opstand.

Salmaneser trek dadelik teen die tien stamme van Israel op. Van die verwagte hulp van Egipte kom niks nie. Die gevolg is dat Hosea self gevange geneem word en dat Samaria deur 'n groot krygsmag beleër word. Drie jaar lank word Samaria beleër, waarna dit deur Sargon, die opvolger van Salmaneser, ingeneem word. Die hele ryk van Israel, met Samaria as hoofstad, word nou deur Assirië beheer.

Alle Israeliete word gevange geneem en weggevoer na Assirië. So word die hele noordelike ryk, wat ná die dood van Salomo ontstaan het, uitgewis.

Hulle is deur die Here verwerp, omdat hulle Hom verwerp het.[49] Hulle was van die begin af afvallig, want reeds hulle eerste koning, Jerobeam, het twee goue kalwers opgerig in Bet-el en Dan om die volk weg te hou van die diens van die Here in Jerusalem.[50] Veral van die tyd van Agab af het hulle ook met mening die Baäls en Astarte gedien.[51] Die profete soos Elia, Elisa, Hosea en Amos het gewaarsku, maar dit het niks gehelp nie.

Die Samaritane

Sargon stuur ander volke om in die land Israel te kom woon nadat die Israeliete in ballingskap weggevoer is. Die meeste van hulle is Siriërs en Babiloniërs. Hulle is dus heidene, wat hulle afgodsdiens saambring. So word daar op die plekke waar die Here eers gedien is, nou afgode gedien.

Die Here straf hierdie heidene in Kanaän, omdat hulle sy land met hul afgode ontheilig. Hulle vra toe vir Sargon om iemand te stuur wat aan hulle die godsdiens van die land kan kom leer. Hy stuur vir hulle een van die priesters van Bet-el waar die goue kalf vroeër gedien is. Die priester leer hulle die godsdiens van Israel, maar dit is 'n mengelmoes-godsdiens. Israel se godsdiens word vermeng met allerlei heidense gebruike. Hierdie mense word later die Samaritane genoem. Hulle is dus geen ware Israeliete nie, hoewel hulle hierdie eer graag vir hulle wou toeëien. As gevolg van hulle optrede begin die Israeliete die Samaritane haat. Die Joodse haat teen die Samaritane blyk baie duidelik uit verskeie gedeeltes in die Nuwe Testament.[52]

---

49 1 Sam. 15: 23 Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

50 2 Kon. 10: 29 Maar die sondes van Jerobeam, die seun van Nebat, wat Israel laat sondig het - daar het Jehu nie van afgewyk nie, van die goue kalwers wat in Bet-el en in Dan was.

51 1 Kon. 16: 30 En Agab, die seun van Omri, het gedoen wat kwaad is in die oë van die HERE, meer as al sy voorgangers.

52 Joh. 4: 9 En die Samaritaanse vrou sê vir Hom: Hoe is dit dat U wat 'n Jood is, van my vra om te drink terwyl ek 'n Samaritaanse vrou is? Want die Jode hou geen gemeenskap met die Samaritane nie.

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 89 - 92 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 579 - 583 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 380 - 390 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. p. 447 - 459 p.